



Landsdiens



Jaarverslag
2018

“There are no secrets to success. It is the result of preparation, hard work, and learning from failure.”

- Colin Powell

NPO 056-543

Meer oor ons!

Landsdiens is 'n 105-jaaroue omgewingsbewuste jeugorganisasie waarby enigeen kan aansluit. Ons streef daarna om 'n liefde te kweek vir die omgewing asook om ons land se natuurlike hulpbronne te beskerm. Toegewydheid vorm deel van die karakter van alle Landsdienslede en die slagspreuk: "Facta Non Verba" , ("Dade spreek duideliker as woorde"), word prakties uitgeleef.

Ons waardes is liefde vir God, liefde vir ons medemens, liefde vir die natuur en diensbaarheid wat daarop gemik is om die jeug se talente en geestelike groei te ontwikkel om hulle toe te rus met die vaardighede om uitdagings en probleme op 'n dag tot dag basis te kan hanteer. Waardering en respek vir ander kulture word by Landsdienslede aangemoedig.

Landsdiens dra daartoe by dat inwoners van ons land 'n verskil kan maak: lede is verantwoordelik, lojaal, selfversekerd, besit die nodige lewensvaardighede en hulle toon inisiatief. Ons hier by Landsdiens, ondersteun en lei die jeug na 'n gebalanseerde volwasse lewe.

Visie

'n Landsdienslid is iemand wat omgee, gewillig is om betrokke te raak en op te tree in omgewingsake. Landsdiens word 'n vorm van die lewe en ons lede skep 'n beter omgewing vir almal en as trotse Suid-Afrikaners, SAL hulle 'n verskil maak.

Missie

Landsdiens is 'n omgewingsbewuste jeugorganisasie. Ons streef daarna om die jeug toe te rus met bestuursvaardighede en om die omgewing te bewaar. Die gebruik van opvoedkundiggebaseerde aktiwiteite en tegnieke word ingespan om hierdie doel te bereik.

Kontak ons:

Amanda Calitz

Tel: 083 492 5177

Voorsitter se verslag

INLEIDING

Ons kyk terug na 'n jaar wat vinnig verby gegaan het en ons voel geseënd en gelukkig. Ons sien uit na die volgende jaar met sy uitdagings en geleenthede.

UITDAGINGS

Die vrywillige komponent van ons organisasie verkeer tans onder geweldige druk. Dit beïnvloed die bevordering van Landsdiensprojekte. Die vrywilligers moet Landsdiens inpas ten spyte van toenemende werksdruk by hulle onderskeie werksplekke.

Dit is ook 'n uitdaging om meer lede te kry. Daar is 'n beduidende afname in getalle en gedurende 2019 sal hierdie saak aangespreek word.

HOOGTEPUNTE

Hier is 'n paar van ons suksesse en hoogtepunte gedurende die afgelope jaar:

- Ons het twee EXCO vergaderings gehad gedurende Maart in die Oos-Kaap en in Mpumalanga tydens Augustus.
- Op 'n nasionale vlak is ons handelsmerkidentiteit goed gevestig.
- Ons het drie provinsiale verkiesings gehad en ons beste wense vergesel die voorsitters vir die volgende termyn.
- Ons het 'n databasis geïmplementeer. Hierdie sisteem bevat al ons lede se besonderhede en inligting en ons voorsien dat dit die administratiewe taak aansienlik sal vergemaklik. Ons wil al die klubleiers bedank vir hulle ondersteuning tydens die insameling van die nodige data.
- Ons het ook twee suksesvolle nasionale kampe in Jeffreysbaai en Oudtshoorn gehad.

- Ons het 'n aanlyn verbruikersvraelys saamgestel wat tydens die onlangse nasionale kamp bekend gestel is.
- Ons het begin met 'n uitvoerende bestuurinisiatief op Hoofbestuursvlak wat sterk fokus op ontwikkeling.
- Ontwikkelingsinisiatiewe sal ook toegepas word in die nasionale struktuur.
- Ons het suksesvol onderhandel met die Bewaringstigting by die Voortrekkermonument om die organisasie se dokumentasie te bewaar.
- Ons het 'n suksesvolle uitreik na Lesotho gehad.
- Baie geluk aan Mpumalanga wat nou meer as 5000 lede het.

FINANSIES

Ons is nie immuun teen die huidige ekonomiese toestand in ons land nie en ons het opgemerk dat dit 'n beduidende invloed het op ons finansiële posisie.

ONS KYK VORENTOE

Ons beplan die volgende gedurende 2019:

- 'n Nasionale Volwasse Leiersberaad in Augustus wat nie gemis kan word nie.
- Verskeie bewuswordingsinisiatiewe om ledetalle te versterk.

AFSLUITING

Ek wil elke provinsiale bestuurder, klubleier en elke lid bedank! Julle is die rede waarom ons doen wat ons doen. Julle kosbare tyd word baie waardeer.

Wouter Stemmet
Nasionale Voorsitter van Landsdiens

Ons Waardes: 'n Woord van die Nasionale Voorsitters

Vanaf die Suide tot die Noorde, Ooste na die Weste leef Landsdienslede hulle waardes uit op verskillende maniere en met uitreikprogramme.

Ons het verskillende aktiwiteite gehad om Moeder Natuur te bewaar. Riviere en strande is skoongemaak, bome is geplant en indringerplante is vernietig. Ons het ook verskillende herwinningsprojekte gehad en ook 'n nasionale projek geloods wat daarop fokus om 'n simbiotiese omgewing te skep.

Ons plaaslike gemeenskappe het voordeel getrek uit verskeie uitreikprogramme. Ons gee om vir ons medemens en dit was duidelik in ons betrokkenheid by die gemeenskap, byvoorbeeld die uitdeel van water in droogte geteisterde areas, besoeke aan ouetehuse, besoeke aan toevlugsoorde vir diere (DBV's) en die aanplant van groentetuine om plaaslike gemeenskappe te voed, ensovoorts.

In terme van diensbaarheid was ons doel om plaaslike gemeenskapsprojekte te ondersteun om die lewe vir minderbevoorregte burgers van ons gemeenskap bietjie makliker te maak.


Die volgende is 'n paar aktiwiteite wat verskillende Landsdiensklubs gedoen het. Sommige was uit eie inisiatief en ander was saam met ander instellings:

- CANSA Run wedloop
- Insameling van nie-bederfbare goedere
- Fondsinsameling vir Heilsleër
- Insameling van klere en kos ten bate van die Knysnabrand slagoffers
- Uitreik na informele nedersettings en die uitdeel van nie-bederfbare kos, klere en komberse
- Insameling van speelgoed vir plaaslike creches
- Uitreik na Lesotho
- Verskeie uitreik-aktiwiteite na DBV's (Nasionaal)
- Uitdeel van babaprodukte aan klinieke
- 7 rolstoole kon aangekoop word met die insameling van broodetikette
- Die uitdeel van pakkies aan mishandelde vrouens









“Daar is geen groter geskenk as om jou tyd en energie te gee om ander te help sonder om iets terug te verwag.” **Nelson Mandela**




Lede: Provinsiale vlak



11113 Lede



Vrywilliger kapasiteit: Totaal







“Vrywilligers het nie noodwendig altyd tyd nie, maar hul het harte.”

- Elizabeth Andrew



Vrywilliger kapasiteit: Manlik en vroulik



Bemaking

Ons operasionele begroting is afhanklik van lidmaatskapsgeelde. Met 'n afname in ons ledetal, het die inkomste verminder en in 2019 sal 'n poging op nasionale vlak aangewend word om oud- lede te werf en om nuwe lewe aan boord te kry.

Ons het 'n tweeledige aanslag wat sal fokus op:

1. Bewuswordingsveldtog op sosiale media, koerante, radio en selfs televisie.

Gereelde blootstelling sal kommunikasie verseker en geleenthede skep vir interaksie.

2. Provinsiale voorsitters sal verantwoordelik wees vir bemaking.

Tradisionele bemakingsaktiwiteite deur vrywilligers sal dalk nie moontlik wees nie, maar sosiale media, stalletjies tydens oop dae by skole, gereelde inskrywings op sosiale media en artikels in plaaslike koerante mag die bewuswordingsaksie aanhelp.

Vrywilliger Opleiding

Soos voorheen genoem in die voorsitter se verslag, sal Landsdiens fokus op vrywilligers.

Die eerste stap is die inwerkingstelling van ons bestuursstelsel wat hulp en ondersteuning aan die Hoofbestuurslede sal verskaf met hulle bestuursverantwoordelikhede. Ons begroting laat egter nie formele opleiding toe nie, maar as 'n organisasie, het ons interne deskundiges wat hulp sal aanbied om kollegas te lei en by te staan.

Die Volwasse Leiersberaad wat geskeduleer is vir Augustus 2019 is daartoe verbind om inligting te gee en ondersteuning te bied aan klubleiers. Ons het daarin geslaag om professionele mense te kry om ons vrywilligers te motiveer asook om hul toe te rus met die praktiese vaardighede wat benodig word vir Landsdiensaktiwiteite.

Die instelling van 'n nasionale databasis sal beslis help om kommunikasie in die organisasie te verbeter. Veranderinge kan deurgegee word byvoorbeeld, prosedures en inisiatiewe wat op nasionale vlak op die regte tyd bekendgestel moet word. Die daarstelling van die databasis sal klubleiers en die provinsiale voorsitters aansienlik help om tyd te spaar met die voorheen tydsame proses.



Terugvoer van lede

Gedurende Desember 2018 het ons Nasionale kampe in Oudtshoorn en Jeffreysbaai gehou. Na aanleiding van 'n aanlyn vraelys is die volgende resultate verkry en was die fokus van die vra op die volgende:

- Maaltye
- Akkommodasie
- Badkamer fasiliteite
- Aktiwiteite
- Personeel / Fasiliteerders

Algehele resultate was as volg vir die drie groep:

